Extract from " Die Burger " - Saturday 12 July 2008, Netads, 9-5 Section

---

Boubedryf Kom Onder Die Loep

AFGEVAARDIGDES van Maleisi, Tanzani, Zambi, Brittanje en Amerika het vandeesweek in Kaapstad met plaaslike rolspelers in die boubedryf byeengekom vir die derde Bou-omgewingskonferensie.
Prof. Theo Haupt van die fakulteit ingenieurswese aan die Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie en adjunkpresident van die Vereniging vir Konstruksieskole in Suider-Afrika (Asocsa) het ges gegewe die konstruksie-sektor se prominensie in die Suid-Afrikaanse regering se planne vir ekonomiese groei en ontwikkeling, kom die konferensie op 'n goeie tydstip.
Hy het die konferensie as 'n internasionale forum bestempel vir navorsers en mense in die praktyk om fundamentele probleme en beperkinge van die bou-omgewing aan te spreek. Die konferensie is ook deur verteenwoordigers van die plaaslike en nasionale regering en agentskappe bygewoon.
Volgens Haupt bevestig die onlangse vlaag bou-ongelukke en sterftes in die Wes-Kaap en die res van die land dat die bedryf nie gesond is nie.
Van die temas wat by die konferensie behandel is, was volhoubare konstruksie, opleiding en professionele ontwikkeling, dienslewering, inligtingstegnologie, wetgewing en die regulerende raamwerk, beroepsveiligheid, gesondheid en gehaltebestuur.
In hul voorlegging oor hoe mentorskap kan help om die vaardigheidstekorte in die bedryf aan te spreek, het dr. Ingrid Verwey en mes. Christia Uys en Michele Gilbert van die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika ges die millennium het 'n opwindende tydperk in Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling ingelui, waar die rol en bydrae van die boubedryf tot volhoubare maatskaplik-ekonomiese ontwikkeling een van die grootste uitdagings is.
"Trouens, die oorbrugging van die gaping in vaardighede en die transformasie van die bedryf wat steeds grootliks deur mans oorheers word, is steeds hoog op die prioriteitslys van die regering, ontwikkelingsagentskappe en organisasies soos die South African Women in Construction (Sawic)."
Volgens die ontwikkelingsraad in die konstruksiebedryf (CIDB) se register, besit vroue 48% van die 44?100 geregistreerde konstruksie-ondernemings. Die oorgrote meerderheid (83%) van di ondernemings wat deur vroue besit word, word egter as graad een geklassifiseer - dit beteken die maksimum-waarde van kontrakte wat hulle kan kry is R200?000. 'n Verdere 12% van di ondernemings val in graad twee en drie, en net 5% van alle ondernemings wat deur vroue besit word en by die CIDB geregistreer is, kan kontrakte van meer as R3?miljoen losslaan.
Volgens 'n verslag van die DBSA is daar verder net een ingenieur vir elke 3?200 mense in Suid-Afrika, een swart ingenieur vir elke 50?000 mense en een vroue-ingenieur vir elke 75?000 mense. Di situasie word vererger deur die feit dat kundiges in die

konstruksiebedryf wat vir mentorskap aangewend kan word, al ouer word of die land verlaat het.
Die konstruksie- en opleidingsowerheid (Seta) is in 2000 deur die regering begin om die kritiese vaardigheidstekort in die land se boubedryf aan te spreek deur vakleerlingskappe met leerderskappe te vervang.
Volgens mnr. Rob Johnson, uitvoerende direkteur van die Meesterbouersvereniging (MBA) in die Wes-Kaap, het die Seta daarop gefokus om werkloses op te lei, eerder as om die vaardighede van persone wat reeds in die bedryf is, te verbeter. Die boubedryf het op die vaardigheidstekorte gereageer deur weer vakleerlingskappe in te stel wat vir 'n vasgestelde tydperk - sowat drie jaar - aangebied word. N die vakleerlinge suksesvol 'n vaktoets afgel het, kry hulle die status van ambagsman. Die Seta-leerderskappe ontbreek egter aan praktiese opleiding en 'n vaktoets, en diegene wat opgelei word is nie n hierdie opleiding ambagsmanne nie.
Daar is dus 'n toenemende uitdaging om die vaardigheidstekort te oorbrug en die bevordering van vroue te versnel deur middel van ingryping soos ontwikkeling, mentorskap en afrigting.
In hul voorlegging het mnre. Justus Agumba en Ferdinand Fester van die departement konstruksiebestuur en bourekening aan die Universiteit van Johannesburg bevind dat die meeste mentors in die boubedryf mans is. Daar is 'n behoefte om meer vroue as mentors te integreer. Agumba en Fester se navorsing het ook gekyk na die belangrike eienskappe waaroor mentors moet beskik, die belangrikste funksies en faktore van mentorskap-programme en om te bepaal tot watter mate mentors in die Suid-Afrikaanse boubedryf di funksies nakom.
In sy voorlegging het prof. Pantaleo Rwelamila van die nagraadse skool van sakeleierskap aan Unisa daarteen gewaarsku dat opleiding die "halfgebakte sindroom" in stand hou. Rwelamila het nege projekbestuurprogramme by hor onderwys-instellings onder die loep geneem en bevind dat daar aanduidings is dat die meerderheid van persone aan die hoof van di programme nie weet wat van hulle verwag word nie en dikwels mislei word deur gebrekkige kennisraamwerke van projekbestuur.
Hy stel voor dat enige oorsig van 'n projekbestuursprogram in Suid-Afrika op 'n gestruktureerde manier gedoen moet word. Hoewel sy voorlopige studie tot Suid-Afrika beperk was, dui sy ondervinding van projekbestuursprogramme in Europa, Australi, Stille Oseaan-kom-lande, Noord-Amerika en ander lande in Afrika sterk ooreenkomste met die Suid-Afrikaanse situasie. Die proses om die "halfgebakte kundigheidsindroom" aan te spreek, is binne bereik van hor onderwys-instellings, mits daar aanvaar word dat die sindroom 'n werklikheid is en dat dit die bou-bedryf 'n onguns aandoen, het Rwelamila afgesluit.